

HOOFSTUK 12 (2019)

12. PRESTASIE TOEKENNINGS EN PERSONEEL AANGELEENTHEDE

12.1 PRESTASIE TOEKENNINGS

12.1.1 GRONDSLAGFASE

SPORTTOEKENNINGS

ATLETIEK, RUGBY, NETBAL, LANDLOOP, KRIEKET, TENNIS, HOKKIE, RUITERS, GHOLF

Sien Sporttoekennings Graad 4 tot 7

KULTUURTOEKENNINGS

A. KOOR (KIEWIETE)

Elke leerder wat 3 jaar , lid is van die koor, ontvang 'n **gewone sertifikaat**. Indien die koor tydens die kunswedstryd as **afdelingwenner** aangewys word, ontvang elke lid 'n addisionele **vergulde sertifikaat**.

Jaar wat revue aangebied word kry koorlid 1 jaar deelname krediet (Indien daar gedurende daardie betrokke jaar geen koor was nie)

Randrefrein = 4 jaar (gewone sertifikaat). Super 12 – Cum Laude toekenning ontvang 'n **vergulde sertifikaat**.

Kunswedstryd afdelingwenner ontvang addisionele vergulde sertifikaat (asook 5 bounuspunte AVP)

Lede wat gekies word vir die Cantare Kinderkoor ontvang 'n vergulde sertifikaat (Lede van laasgenoemde kore wat gedurende die jaar om watter rede ookal onttrek vanaf laasgenoemde kore kan geen erkenning ontvang nie)

Lede wat opgeneem is in Canto koor ontvang 'n gewone sertifikaat.

B. REDENAARS (JUNIORS)

➤ Algehele wenners, graadwenners en naaswenners wat tydens die Interne Redenaarsaand deelgeneem het, ontvang 'n **wisseltrofee en vergulde sertifikaat**.

- Indien leerder aan ATKV-uitdunrondes deelneem word die behaalde prestasie ook op 'n gewone sertifikaat aangedui. Indien 'n leerder as ATKV-streekwenner aangewys word, ontvang hy/sy 'n **vergulde sertifikaat**. 'n Leerder wat aan die landsfinale deelneem ontvang 'n **vergulde sertifikaat** asook 'n **medalje**.
- Elke leerder wat aan die Super 12 deelneem en 'n 2de of 3de plek behaal ontvang 'n **gewone sertifikaat**. 'n **Vergulde sertifikaat** word toegeken indien die lid 'n 1ste plek behaal.

C. REVUE/KONSERT/OPERETTE/LIEDJIESFEES

Word slegs in berekening gebring by AVP. (Geen bonuspunte nie)

D. KUNSWEDSTRYD (OOK BETREKING OP KUNSWEDSTRYD: KUNS)

Indien 'n leerder as **itemwenner** aangewys word, ontvang hy/sy 'n **gewone sertifikaat**. Indien leerder as **afdelingwenner, 2de en 3de plek** aangewys word, ontvang hy/sy 'n **vergulde sertifikaat** (noem plek behaal). Dit sluit privaatinskrywings in waarvan die prestasies behaal betyds deurgegee word. **Algehele wenner** ook **vergulde sertifikaat**, meld item.

Die jaar wat die skool nie vir Kunswedstryd inskryf nie moet leerders wat deelneem en presteer (soos hierbo genoem) **gewone sertifikate** ontvang. Geen AVP punte word gedurende die jaar toegeken vir kunswedstryd nie. **Alle Alberton Eisteddfod inskrywings word beskou as skool inskrywings!**

E. KUNSUITSTALLING (ANDERS AS KUNSWEDSTRYD)

Leerders wat die skool verteenwoordig en aan 'n eksterne kunsuitstalling deelgeneem het en wie se werk uitgestal word, ontvang elk 'n **gewone sertifikaat**, asook die wie genooi word na die oorhandigingsfunksie (Erkenning wat gegee word sal bepaal word deur skoolbestuur. Faktore soos hoeveelheid inskrywings, geleentheid tot deelname asook omvang van kompetisie kan in ag geneem word; vergulde sertifikaat asook medalje kan volgens meriete toegeken word).

F. SKAAK

Elke lid van die span ontvang 'n **gewone sertifikaat** indien die span as ligawenners eindig, naaswenners ontvang ook 'n **gewone sertifikaat**. Indien die span 2de of 3de eindig met die Super 12, ontvang hulle 'n **gewone sertifikaat**. Eindig die span as wenners tydens die Super 12, ontvang elke lid 'n **vergulde sertifikaat**. Wenner en naaswenner in elke graad kry met interne kampioenskappe 'n **vergulde sertifikaat** asook 'n **wisseltrofee**.

G. SPREEKKOOR

Graad 1 – 7

Indien 'n leerder in sy/haar Gr.7 jaar steeds deel is van die spreekkoor kan die leerder erkenning kry indien hy/sy onafgebroke vir 5,6 of 7 jaar deel van die koor was. (5 en 6 jaar gewone sertifikaat; 7 jaar vergulde sertifikaat). Indien die koor tydens die kunswedstryd as **afdelingwenner** aangewys word, ontvang elke lid 'n addisionele **vergulde sertifikaat**. Indien die koor as itemswenners aangewys word ontvang elke koorlid 'n gewone sertifikaat. Jaar wat revue aangebied word kry koorlid 1 jaar deelname krediet.

H. DRAMAKLUB

'n Leerder kan wel lid van die dramaklub wees, maar kry byvoorbeeld afrigting vir redenaars. Hierdie leerder sal dan sy/haar erkenning kry onder die **redenaars** afdeling. **Hierdie leerders kry nie aparte erkenning vir AVP nie.**

I. GRAFIESE ONTWERP

Leerders wat deel is van die aktiwiteit kan wel 'n toekenning kry vir deelname (90% + teenwoordigheid). 'n Gewone sertifikaat word uitgedeel tydens 'n saalfunksie met leerders. Indien hulle **skool sou verteenwoordig** verdien hulle 5 AVP punte vir deelname.

J. ROBOTICS

Na afloop van die Interne Kampioenskappe word die volgende toekennings gemaak:

- Junior Wenner- Vergulde sertifikaat – Curio Tech Wisseltrofee

- Junior Naaswenner – Gewone sertifikaat
- Junior 3de plek – Gewone sertifikaat
- Senior Wenner – Vergulde sertifikaat - Curio Tech Wisseltrofee
- Senior Naaswenner – Gewone sertifikaat
- Senior 3de plek – Gewone sertifikaat

Leerders wat deelneem aan die interne kompetisie aangebied deel die Robotics kan wel 5 punte verdien vir AVP. Indien 'n leerders Nasionaal deelneem kry hy/sy wel 5 AVP bonuspunte vir die prestasie.

Indien 'n leerder/leerders aan die WRO streekkampioenskappe deelgeneem het, word die behaalde prestasie ook op 'n gewone sertifikaat aangedui. Noem posisie. Indien die leerder/leerders sou deurdring om aan die WRO Nasionale kampioenskappe deel te neem, word die behaalde prestasie ook op 'n vergulde sertifikaat aangedui en verdien die leerder 'n ekstra 5 punte vir die AVP.

AKADEMIE

Toekennings geskied in klasverband.

Beoordeling geskied nadat finale assessering afgehandel is.

Graad 1 – 3 vanaf die eerste kwartaal tot een program in vierde kwartaal

A. SERTIFIKAAT VAN AKADEMIESE VORDERING (Kategorie 1)

Slegs 2 leerders per klas, wat volgens die leerkrag se oordeel, die beste konstante vordering getoon het.

B. SERTIFIKAAT VAN AKADEMIESE EN HOË AKADEMIESE PRESTASIE – (TOP 40%)

(Kategorie 2).

- Afrikaans, Engels, Wiskunde en Lewensvaardigheid word afsonderlik beoordeel vir erkenning. Dit word dan verwerk na 'n punt uit 50 vir akademie.
- Sertifikaat lees: Akademiese prestasie Afrikaans....
- Die Top 40% leerders in elke vak word bepaal (Indien 10de plek gedeel word, ontvang die leerders ook erkenning.

- **Neem kennis dat die toekenning telkens bepaal word deur 40% van die klas maar dat dit wel n minimum van 10 leerders sal wees per klas. Byvoorbeeld in n klas van 40 word die akademiese prestasie bepaal deur 40% te bepaal van die 40 leerders: Bv. $40 \times 0.4 = 16$. In die klas van 40 gaan daar dus 16 leerders kwalifiseer vir **akademiese prestasie**. Die hoeveelheid leerders wat in elke klas erkenning kry word bereken deur die Departementshoof GRONDSLAFASE met die aanvang van die bepaling van toekennings vir akademie. Die getalle word streng volgens ingeskrewe leerders per klas bepaal.**
- **Sertifikaat lees: Bv. Akademiese prestasie Wiskunde**

HOë AKADEMIESE PRESTASIE : Vergulde Sertifikaat

Die leerders wat in al 4 vakke gekwalifiseer het vir Akademiese sertifikaat.

Sertifikaat lees: Hoë Akademiese prestasie: Wiskunde, Afrikaans, Engels en Lewensvaardigheid (vergulde sertifikaat)

AKADEMIESE PRESTASIE : Gewone Sertifikaat

Leerders wat in 1,2 of 3 leerareas in die Top 10 is.

Sertifikaat lees: Bv. Akademiese prestasie: Wiskunde

C. SERTIFIKAAT VIR HOOGSTE AKADEMIESE PRESTASIE (Kategorie 3)

(Vergulde Sertifikaat + Koopbewys)

Die leerder in elke klas met die hoogste totaal vir akademie.

D. SERTIFIKAAT VIR ALGEMENE VOORTREFLIKE PRESTASIE – AVP (Kategorie 4) Graad 1-3

Om vir AVP te kwalifiseer moes 'n leerder ten minste in een sport en een kultuuraktiwiteit deelgeneem het (Graad 1-3).

Akademie:

Leerder se totale punt oor 4 kwartale word verwerk na 'n persentasie toe. Die punt word dan verder gedeel deur 2 ($100\% \div 2 = 50$). Die totale punt vir akademie kan dus hoogstens 50 wees. **Geen leerder word hier uitgesluit nie. 'n Leerder kan wel 'n addisionle 5 punte vir Akademie**

verdien indien hy/sy die skool in die jaarlikse Wiskunde Olimpiade verteenwoordig het. (5 bonuspunte indien hy/sy onder die eerste 10 leerders provinsiaal geëindig het; 'n Leerder kan egter nie meer as 50 punte vir Akademie verdien nie).

Sport

'n Leerder ontvang 5 punte vir elke aktiwiteit waarin hy/sy deelgeneem het.

'n Leerder ontvang 'n verdere 5 bonuspunte vir Provinsiale deelname. (Sien Addenda AVP beleid).

Kultuur

Om vir AVP in aanmerking te kom moes die leerder in minstens een kultuuraktiwiteit die skool verteenwoordig het. Die leerder verdien 5 punte vir elke aktiwiteit waarin hy/sy deelgeneem het.

Gedurende revuejaar kan geen leerder in aanmerking kom vir punte asook bonuspunte vir kunswedstryd nie. (Kunswedstryd : Kuns is ingesluit by laasgenoemde)

'n Leerder kan ook 'n verdere 5 bonuspunte verdien vir Nasionale deelname. (Sien sien Addenda AVP beleid).

Punte word dus as volg bereken:

$$\begin{array}{rccccccc} \text{Akademie} & & \text{Sport} & & \text{Kultuur} & & \\ (?) & + & () & + & () & & \\ 50 & & 50 & & & = & 100 \end{array}$$

Die 10 leerders in die graad met die hoogste totaal kom in aanmerking vir die AVP toekenning (**vergulde sertifikaat**) (**Graad 2 en 3**)

GRAAD 1: DIE TOP 3 IN ELKE KLAS. (Kan minder wees indien daar nie drie leerders kwalifiseer nie/ Geen wenner of naaswenner word aangewys nie)

Wenner en naaswenner word vermeld asook ander se posisies byvoorbeeld AVP 3de.

By Graad 1 word die posisie egter nie gelees.

E. ALGEMENE VOORTREFLIKE PRESTASIE (AVP) – Naaswenner en Wenner

(Kategorie 5)

Die AVP *koopbewys* en *vergulde sertifikate* word aan die naaswenner en wenner toegeken (*binne graadverband*).

NB: Laasgenoemde toekenning word nie gemaak by Gr 1 nie.

F. BONUSPUNTE

(Sien Addenda AVP beleid)

Sport

Indien 'n leerder in sport byvoorbeeld provinsiale kleure behaal het in 'n skoolsport, of lid is van 'n span wat as provinsiale wenners aangewys word, sal 5 *addisionele bonuspunte vir AVP* toegeken word. Geld ook vir Graad 4 tot 7.

Kultuur

'n Afdelingwenner (kunswedstryd), streek/provinsiale/nasionale wenners, byvoorbeeld redenaars en Bybelvasvra ontvang ook 5 *addisionele bonuspunte vir AVP*. Geld ook vir Graad 4 tot 7. By afdelingwenner moes daar 4 of meer kore/groepe deelgeneem het om te kan kwalifiseer.

'n Leerder wat deel is van die Cantare / Jubilate Kinderkoor ontvang 5 addisionele bonuspunte. (Nie Canto koor nie) (**Die leerder moes egter ook deel wees van die skoolkoor**)

Akademiese bonuspunte:

'n Leerder kan wel *akademiese bonuspunte* verdien wanneer hy/sy die skool verteenwoordig in bv. Wiskunde Olimpiade (Of ander).

Verteenwoordiging: **5 punte; ekstra 5** indien die leerder onder die eerste tien leerders geëindig het op provinsiale vlak.

'n Leerders se **akademiese totaal kan nie meer as 50(GR 1-3) en 100 (Gr 4-7) wees nie.**

NB! 'n Leerder kan in geen individuele aktiwiteit, sport, akademie of kultuur meer as 5 bonuspunte verdien nie (byvoorbeeld 10 bonuspunte vir atletiek.) **OF** meer as 10 punte per kode verdien in sport en kultuuraktiwiteite.

AKADEMIESE PRESTASIE

SERTIFIKAAT VAN VERDIENSTE (Kategorie 1)

1. Die sertifikaat word toegeken aan leerders wat vanaf die eerste kwartaal tot en met die derde kwartaal met _____ punte of meer in haar/sy gemiddeld gestyg het.
2. Leerders wat AVP en akademiese sertifikate ontvang, kom nie in aanmerking vir die sertifikaat van verdienste nie.
3. Druipelinge mag nie vir die sertifikaat in aanmerking gebring word nie.

SERTIFIKAAT VIR HOË AKADEMIESE PRESTASIE (Kategorie 2)

1. Hierdie sertifikaat word toegeken aan Graad 4 tot 6 leerders wat bo 80% in die verskillende vakke behaal het, naamlik:
 - Graad 4 tot 6 Afrikaans, Engels; Wiskunde; Sosiale Wetenskappe, Lewensvaardigheid; Natuurwetenskappe en Tegnologie.
2. Gewone sertifikaat vir die vakke wat 80% in behaal is, word op die 1 sertifikaat genoem. (Waak teen inprop)

Indien leerder in al 6 leerarea's bo 80% behaal het – **Vergulde Sertifikaat.**

Seremoniemeester lees: *Hoë akademiese prestasie al 7 leerareas*
(al die leerareas word egter op die sertifikaat aangebring).

KOOPBEWYS VIR HOOGSTE AKADEMIESE PRESTASIE (Kategorie 3)

1. Koopbewys word toegeken aan die leerder wat die hoogste akademiese prestasie in die onderskeie bevorderingsvakke behaal het.
(**Ses koopbewyse** per graad in totaal word dus hier oorhandig; 'n **Vergulde sertifikaat** word ook toegeken.)
 - Graad 4 tot 6 – Afrikaans, Engels, Wiskunde, SW, LV, NW en Tegnologie.

SERTIFIKAAT VIR ALGEMENE VOORTREFLIKE PRESTASIE (AVP) (Kategorie 4)

1. Die volgende 3 aspekte word in aanmerking geneem naamlik Akademie, Sport en Kultuur.
2. Die akademie tel 100 en die jaarpunt (kwartaal 1-3) word gebruik. Kultuur en sport tel saam 100 en slegs skoolsport asook skoolkultuur aktiwiteite word in aanmerking geneem. Deelname in 'n aktiwiteit is 5 punte werd. (Deelname beteken die skool moet verteenwoordig word). Alle sportsoorte waar die skool verteenwoordig is word in ag geneem.
3. Die volgende kultuuraktiwiteite word in aanmerking geneem, waar deelname in 'n aktiwiteit 5 punte werd is naamlik: redenaars, skaak , koor (Randrefrein, spreekkoor), kunswedstryd/kuns, Bybelvasvra, revue/operette/konsert/liedjiefees, Algemene kennis (Robotics en Grafiese ontwerp- Slegs indien hulle skool sou verteenwoordig) **Nie Dramaklub nie** . In die revuejaar kan geen leerder in aanmerking kom vir punte vir deelname aan kunswedstryd nie.
4. Die onderwyser/es wat aan die hoof staan van enige van bogenoemde aktiwiteite, hetsy akademie, sport of kultuur is verantwoordelik om die name van leerders wat kwalifiseer vir 5 punte ten opsigte van hulle aktiwiteite aan die klasonderwysers deur te voer. **'n Verdere 5 punte in sport/kultuur/akademie vir 'n provinsiale en/of streek of soortgelyke prestasie.** (cf. Juniors: F Bonuspunte; Beleid Addenda AVP beleid).
5. Slegs 10 leerders van elke graad kom in aanmerking. Die 10 leerders met die hoogste punte kwalifiseer. Plek word op **vergulde sertifikaat** aangedui byvoorbeeld, 8ste, 5de ensovoorts.

KOOPBEWYS VIR ALGEMENE VOORTREFLIKE PRESTASIE (AVP) (Kategorie 5)

1. Die top 2 leerders in elke graad sal dus die **koopbewyse** en **'n vergulde sertifikaat** ontvang (Onderskeidelik wenner en naaswenner), terwyl die oorblywende agt leerders **vergulde sertifikate** vir AVP ontvang. (Dui posisie aan.)
2. 'n Leerder kan nie meer as 100 vir akademie en 100 vir sport en kulturele aktiwiteite saam kry nie, 100 is die hoogste.

Akademie	100
Sport en Kulturele aktiwiteite	100

3. Belangrikste vereiste:

Hoewel sport en kultuur saam bereken word, kan 'n leerder nie in aanmerking kom vir 'n AVP toekening as daar nie ten minste 1 kultuuraktiwiteit of 1 sport aan deelgeneem is nie (met ander woorde 'n leerder kan nie byvoorbeeld vir akademie en sport alleen kwalifiseer nie, al drie komponente moet ter sprake wees).

12.1.3 PRESTASIE TOEKENNINGS SENIORFASE (Graad 7)

AKADEMIESE PRESTASIE

SERTIFIKAAT VAN VERDIENSTE (Kategorie 1)

1. Die sertifikate word toegeken aan leerders wat vanaf die eerste kwartaal tot en met die derde kwartaal met _____ punte of meer in haar/sy gemiddeld gestyg het. Die 2de kwartaal se punte kan nie hierdie toekening positief of negatief beïnvloed nie.
2. Leerders wat AVP of akademiese sertifikate ontvang kom nie in aanmerking vir die sertifikaat van verdienste nie.
3. Druipelinge mag nie vir die sertifikaat in aanmerking gebring word nie.

SERTIFIKAAT VAN HOË AKADEMIESE PRESTASIE (Kategorie 2)

1. Hierdie sertifikaat word toegeken aan leerders wat bo 80% in die verskillende vakke behaal het naamlik Tale: Afrikaans, Engels; Wiskunde, Sosiale Wetenskappe, Natuurwetenskappe, Tegnologie, Lewensoriëntering, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Skeppende Kuns en Kultuur
2. Ook vakke waarin leerders koopbewyse en trofeë (kategorie 3) ontvang het. Al die vakke/leerareas waarin 80% behaal is word op 1 sertifikaat genoem. (Waak teen inprop).
Indien leerder in al 9 vakke kwalifiseer word prestasie op 'n **vergulde sertifikaat** aangebring.
Seremoniemeester lees: *Hoë akademiese prestasie al 9 leerareas*
(al die leerareas word egter op die sertifikaat aangebring).

TROFEË VIR HOOGSTE AKADEMIESE PRESTASIE (Kategorie 3)

Die toppresterder in elke leerarea ontvang 'n **koopbewys, wisseltrofee en 'n vergulde sertifikaat**. Soos hierna uiteengesit.

Noem die naam van die trofee op die sertifikaat sowel as die trofee.

(Een sertifikaat per toekenning – dui dit op program aan; ondergenoemde toekennings asook AVP word apart hanteer op prestasietoekenningsaand; hou by volgorde)

- | | |
|--|--|
| ➤ Afrikaans - Tale | Volkscas Wisseltrofee |
| ➤ Engels - Tale | Standard Bank Wisseltrofee |
| ➤ Wiskunde | Sanlam Wisseltrofee |
| ➤ Natuurwetenskap | Nedbank Wisseltrofee |
| ➤ Sosiale Wetenskappe | Jan Swanepoel Wisseltrofee |
| ➤ Tegnologie – dogters | Ria de Jager Wisseltrofee |
| ➤ Tegnologie – seuns | Topka Wisseltrofee |
| ➤ Godsdiensoonderrig (indien van toepassing) | Blou Meul Wisseltrofee |
| ➤ Lewensoriëntering | E Strydom Wisseltrofee |
| ➤ Skeppende Kunste en Kultuur – dogters | Randhart Hardeware
Wisseltrofee |
| ➤ Skeppende Kuns en Kultuur – seuns | Van der Westhuizen
Wisseltrofee |
| ➤ Ekonomiese en Bestuurswetenskappe | De Wet Wisseltrofee |
| ➤ Natuurwetenskaplik:
Wiskunde en Wetenskap | Dekker Wisseltrofee |
| ➤ Tale: Afrikaans en Engels | Jani Steyn Wisseltrofee |

ALGEHELE AKADEMIESE

NAASWENNER

Nicolette Strydom Wisseltrofee Koopbewys

ALGEHELE AKADEMIESE

WENNER

Strydom Wisseltrofee Koopbewys

SERTIFIKAAT VIR ALGEMENE VOORTREFLIKE PRESTASIE (AVP)

(Kategorie 4)

Die volgende drie aspekte word in aanmerking geneem, naamlik Akademie, Sport en Kultuur.

Die akademie tel 100 en die jaarpunt word gebruik. Kultuur en sport saam tel 100 en slegs skoolsport- asook skoolkultuuraktiwiteite word in aanmerking geneem. Deelname in 'n aktiwiteit is 5 punte werd. (Deelname beteken die skool moet verteenwoordig word). Die volgende sportsoorte word in aanmerking geneem, naamlik atletiek, rugby, netbal, krieket, tennis, landloop, hokkie, gholf, ruiters, gimnastiek en tuimel.

Die volgende kultuuraktiwiteite word in aanmerking geneem waar deelname in 'n aktiwiteit 5 punte werd is, naamlik redenaars, skaak (liga), koor (Randrefrein), kunswedstryd en kunswedstryd (kuns) *Slegs 1 keer 5 punte*, Bybelvasvra, revue/operette/konsert/liedjiesfees, Algemene Kennis, spreekkoor (Nie drama) en Robotics (slegs die leerders wat die skool as span verteenwoordig het).

Leerders wat die skool in Wiskunde Olimpiade verteenwoordig ontvang 5 punte ekstra onder die Akademie afdeling vir AVP ('n Leerder kan hier ook bonuspunte verdien/Sien AVP Juniors/ Addenda AVP beleid)

- Die onderwyser/es wat aan die hoof staan van enige van bogenoemde aktiwiteite hetsy akademie/sport of kultuur is verantwoordelik om die name van leerders wat kwalifiseer vir 5 punte ten opsigte van hulle aktiwiteite aan die klasonderwysers deur te voer.

'n Verdere 5 punte in sport/kultuur/akademie vir 'n provinsiale en/of streek of soortgelyke prestasie. (cf. Juniors: F Bonuspunte/ Addenda AVP beleid).

- Slegs 10 leerders kom in aanmerking, met ander woorde die 10 leerders met die hoogste punte. Plek word op **vergulde sertifikaat** aangedui, byvoorbeeld 8ste, 5e , ensovoorts.

KOOPBEWYS, SERTIFIKAAT ASOOK SKILD VIR ALGEMENE VOORTREFLIKE PRESTASIE (Kategorie 5)

Die leerder met die hoogste AVP punte sal die **Burgermeesterstoekening, 'n vergulde sertifikaat en koopbewys** ontvang, terwyl die naaswenner 'n **koopbewys en vergulde sertifikaat** sal ontvang. Die oorblywende agt leerders ontvang soos reeds genoem **vergulde sertifikate**.

- 'n Leerder kan nie meer as 100 vir akademie en 100 vir sport en kulturele aktiwiteite saam kry nie, 100 is die hoogste.

Belangrike vereiste:

Hoewel sport en kultuur saam bereken word, kan 'n leerder nie in aanmerking kom vir 'n AVP toekening as daar nie ten minste 1 kultuuraktiwiteit of 1 sportsoort aan deelgeneem is nie (met ander woorde 'n leerder kan nie byvoorbeeld vir akademie en sport alleen kwalifiseer nie, al drie komponente moet ter sprake wees).

12.1.4 SPORTTOEKENNINGS

BINNE SKOOLVERBAND

- Onder belowendste span verstaan ons:
Span wat verste gevorder het in sy onderskeie liga's, byvoorbeeld plaaslik, streek, provinsiaal, bonde, Super 12, ensovoorts.
- Geen leerder kan in aanmerking geneem word vir 'n toekening indien hy/sy daardie betrokke jaar aan die item onttrek het of nie beskikbaar was vir belangrike byeenkomste nie. (Volgens oordeel van hoof/adjunkhoof.)
- **Indien 'n leerder 'n trofee ontvang moet die naam van die trofee op die sertifikaat sowel as die program verskyn.**

A. ATLETIEK

Sertifikate word toegeken aan:

1. Alle atlete wat tydens die Interlaerbyeenkoms 'n eerste plek behaal het (**Gewone sertifikaat**). Indien lid van 'n wenaflos ontvang elkeen 'n **gewone sertifikaat**.
2. Alle atlete wat tydens die Albertonkampioenskappe 'n eerste of tweede plek behaal het. **Gewone sertifikaat**
3. Alle atlete wat tydens die Distriksbyeenkoms 'n eerste, tweede en derde plek behaal het, ontvang 'n **gewone sertifikaat**.

4. Alle atlete wat die Distriktespan op die Gauteng Kampioenskappe verteenwoordig ontvang gewone sertifikaat (1 ste, 2de en derde plek ontvang 'n **vergulde sertifikaat**). Die atleet wat **n eerste plek behaal** ontvang ook n medalje. Noem item en plek behaal. Atlete wat tydens die Super 12, 1ste plek kry ontvang **vergulde** sertifikaat en **medalje**, 2de, 3de en 4de plek ontvang **gewone sertifikaat**.
5. Alle atlete wat die Gautengspan verteenwoordig (Gauteng kleure) tydens die Nasionale byeenkoms . Prestasie tydens die nasionale byeenkoms moet gemeld word op die **vergulde sertifikaat**, byvoorbeeld 7de, hoogspring. 'n **Medalje** word toegeken aan almal wat kleure verwerf het.
6. 'n **Vergulde sertifikaat** en 'n **gemonteerde medalje** vir atlete wat as lid van die Gautengspan 'n eerste, tweede of derde plek kry, 'n rekord ewenaar of verbeter tydens die Nasionale byeenkoms. (Suid-Afrikaanse Kampioenskappe)
7. Atleet van die jaar – **Thurstons Wisseltrofee en vergulde sertifikaat**.
 - Atleet met die beste individuele prestasie ontvang die trofee.
 - Met ander woorde die atleet wat die verste gevorder het in enige item byvoorbeeld, deelname aan SA's.
 - Prestasies word in ag geneem vanaf Interlaer en elke byeenkoms daarna.
 - Indien gelykop uitslag sal rekords en meeste 1ste plekke vanaf Interlaer in ag geneem word.
 - Hierna ouderdom (voordeel aan ouer leerder)

Victrix Ludorum (Jnr) – Randhart Wisseltrofee (0/7-0/9)(vergulde sertifikaat)

Victor Ludorum (Jnr) Randhart Wisseltrofee (0/7-0/9) (vergulde sertifikaat)

Victrix Ludorum (Snr) Petro van Niekerk Wisseltrofee (0/10-0/13) (vergulde sertifikaat)

Victor Ludorum (Snr) Jan van Niekerk Wisseltrofee (0/10-0/13) (vergulde sertifikaat)

Atlete kwalifiseer vanaf Interlaer vir bogenoemde trofee. 'n Atleet behaal vir elke plek (elke item) vanaf Interlaer punte ((5(1), 3(2), 2(3), 1(4)). Die atleet met die meeste punte by betrokke groep verower dus die trofee.

Indien gelykop, die atleet wat individueel die beste presteer het.

Beste 800/1200/1500m (seun) – Mornay Schmidt

Wisseltrofee+vergulde sertifikaat

- Die seunsatleet wat die verste gevorder het in 1200m die seisoen.
- Indien gelykop word rekords en meeste 1ste plekke in ag geneem vanaf Interlaer.
- Indien die seun 0/13 is, geld dit dieselfde alhoewel hy 800/1500m hardloop.

Beste 800/1200/1500m (dogter) – Ernst Schmidt

Wisseltrofee+vergulde sertifikaat

- Die atleet wat die verste gevorder het in 1200m die seisoen.
- Indien gelykop word rekords en meeste 1ste plekke in ag geneem vanaf Interlaer.
- Indien die dogter 0/13 is, geld dit dieselfde alhoewel sy 1500m hardloop.

Beste Hekkies- Dogters – Sampie Pienaar Wisseltrofee+vergulde sertifikaat

- Die dogter wat die verste gevorder het met hekkies.
- Indien gelykop word rekords en meeste 1ste plekke in ag geneem vanaf Interlaer.

Beste Hekkies- Seuns – Nevon Smit Wisseltrofee+vergulde sertifikaat

- Die seun wat die verste gevorder het met hekkies.
Indien gelykop word rekords en meeste 1ste plekke in ag geneem vanaf Interlaer.

Beste Naelloop (seun) – Daan Retief Wisseltrofee+vergulde sertifikaat

- Die seun wat die verste gevorder het met naellope – senior of junior.

- Naellope sluit in 60m, 80m, 100m, 150m en 200m.
- Indien gelykop word rekords en meeste 1ste plekke vanaf Interlaer in ag geneem.

Beste Naelloop (dogter) – Suzan Retief Wisseltrofee+vergulde sertifikaat

- Die dogter wat die verste gevorder het met naellope – senior of junior.
- Naellope sluit in 60m, 80m, 100m, 150m en 200m.
- Indien gelykop word rekords en meeste 1ste plekke vanaf Interlaer in ag geneem.

Beste Hoogspring – Itas Services Trofee+vergulde sertifikaat

- Die seun/dogter wat die verste gevorder het met hoogspring.
- Indien gelykop word rekords en meeste 1ste plekke vanaf Interlaer in ag geneem.

Beste Verspring – Itas Services Trofee+vergulde sertifikaat

- Die seun/dogter wat die verste gevorder het met verspring.
- Indien gelykop word rekords en meeste 1ste plekke vanaf Interlaer in ag geneem.

Beste Gewigstoot – Anna-Marie Pienaar Trofee+vergulde sertifikaat

- Die seun/dogter wat die verste gevorder het met gewigstoot.
- Indien gelykop word rekords en meeste 1ste plekke vanaf Interlaer in ag geneem.

B. RUGBY

Voeg individuele prestasies by.

Sertifikate word toegeken aan:

1. Die belowendste rugbyspan ontvang jaarliks elk 'n **gewone sertifikaat**. (Die span wat die hoogste louere ingeoes het).

2. Indien 'n span as wenners van die Goue Leeus Super liga gekroon word, ontvang elke lid 'n **vergulde sertifikaat. Indien 'n span as naaswenners van die Goue Leeus Super liga eindig ontvang elke lid 'n gewone sertifikaat.**
3. Indien 'n span as wenners van Goue Leeus Laerskole liga gekroon word. Elke lid ontvang 'n **vergulde sertifikaat en medalje.** Naaswenners ontvang slegs 'n **gewone sertifikaat**
4. Indien 'n span die GLRU-laerskole op die Noordelike Bonde toernooi verteenwoordig en as wenner uit die stryd tree, verwerf hulle 'n **vergulde sertifikaat en 'n gemonteerde medalje.** Indien naaswenners of deelneem, 'n **gewone sertifikaat** (Indien dit wel plaasvind).
5. Indien 'n span in die Super 12 as wenner eindig, ontvang elke speler 'n **vergulde sertifikaat en medalje**, naaswenners, derde en vierde plek verdien 'n **gewone sertifikaat. (B spanne dag wenners ontvang 'n gewone sertifikaat)**
6. Spelers wat vir die Goue Leeus Laerskole Rugby aan die Cravenweek vir Laerskole deelneem(OF 7's), ontvang 'n **gemonteerde medalje en 'n vergulde sertifikaat.**
Ander provinsiale B- en C-spanne – ontvang 'n **vergulde sertifikaat en medalje.** Dit sluit die Goue Leeus 0/12 A en 0/12 XV-tal in (**vergulde sertifikaat en medalje**).
7. o/11 en 0/12 Oosrand Rugbykliniekspan gehaal – minstens 2 wedstryde vir die A-, B-, C- span gespeel het, ontvang 'n **gewone sertifikaat (Ook 7's)**

***Wenners Goue Leeus/Noordelike Bonde/Super-12 – 5 AVP Bonuspunte**

EERSTE SPAN

1. Rugbyspeler van die jaar – **Ou Mutual Wisseltrofee en vergulde sertifikaat**
Speler wat in spanverband die grootste bydrae tot die span gelewer het.
2. Beste voorspeler van die jaar – **Peet Stock Wisseltrofee en vergulde sertifikaat**

Speler wat in spanverband die grootste bydrae, as **voorspeler**, tot die span gelewer het.

3. Beste Agterspeler van die jaar – **Francois Stock Wisseltrofee en vergulde sertifikaat.**

Speler wat in spanverband die grootste bydrae, as **agterspeler**, tot die span gelewer het. (Prestasie op provinsiale vlak moet ook in aanmerking geneem word).

C. NETBAL

Sertifikate word toegeken aan:

1. **Gewone sertifikate** word jaarliks aan die belowendste span toegeken – 0/9 uitgesluit.
2. `n **Vergulde sertifikaat en medalje** word toegeken aan die wenners van die Ekurhuleni A liga (D-16) Naaswenners en derde plek – **gewone sertifikaat**. (Ook B en C – spanne) `n **Vergulde sertifikaat en gemonteerde medalje** word toegeken aan die wenners van die GSS toernooi. `n **Vergulde** sertifikaat word toegeken aan tweede en derde plek. `n **Gewone sertifikaat** word ook toegeken vir deelname aan die GSS toernooi.
3. Indien `n span as Super – 12 wenners eindig, ontvang elke speler `n **vergulde sertifikaat en medalje**. Naaswenner, derde en vierde plek `n **gewone sertifikaat**. Wenners van die **B spanne** dag ontvang `n **gewone sertifikaat**.
4. Nasionale toernooi: Spanne wat tydens die toernooi `n eerste, tweede of derde plek kry ontvang `n **vergulde sertifikaat en gemonteerde medalje** Indien `n span nie vir enige van laasgenoemde in aanmerking kom nie, ontvang hulle `n **vergulde sertifikaat** (Bewoording: Suid-Afrikaanse Skole Netbaltoernooi)
5. Wenners van die Superliga, GSS, Super-12 of Nasionale toernooi ontvang **5 bonuspunte AVP** (ook B/C spanne – Nie Super 12)
6. Individuele spelers wat GSS kleure verwerf het, ontvang elk 'n **vergulde sertifikaat en medalje** met 'n aanduiding van die span wat hulle verteenwoordig.
7. **Netbalspeelster van die jaar.**
Speelster wat die verste in die sport gevorder het.

Steeds gelyk: Speler wie se span die beste presteer het op Distrikte/Provinsiale toernooi.

Steeds gelyk: Speler wat in spanverband die grootste bydrae gelewer het.

➤ Slegs 0/12

Pieter Swanepoel trofee en vergulde sertifikaat

➤ Slegs 0/13

S de la Rey Wisseltrofee en vergulde sertifikaat

D. LANDLOOP

Sertifikate word toegeken aan:

1. Belowendste ouderdomsgroep: Seuns of dogters. Slegs dié wat aan 60% of meer van die wedlope deelgeneem het. (Kan 'n spesifieke ouderdomsgroep wees).
2. **Gewone sertifikaat** vir deelname, vir atlete wat die eerste 5 plekke per ouderdomsgroep verower met Alberton Kampioenskappe; plek word aangedui.
3. **Gewone sertifikaat** aan atlete vir deelname aan DistrikKampioenskappe.
4. Wenner Super 12 – **Vergulde sertifikaat en medalje**, 2de, 3de plek en 4de plek – **Gewone sertifikaat**.

Individueel asook ouderdomsgroep kan erkenning kry.

5. 'n **Gewone sertifikaat** aan atlete wat vir sy distrik aan die Gauteng Kampioenskappe deelneem('n **Vergulde sertifikaat** word toegeken aan atlete vir posisie 1 tot 6 behaal)
6. 'n **Vergulde sertifikaat en 'n gemonteerde medalje** vir atlete wat as lid van die Gautengspan 'n eerste, tweede of derde plek behaal, of 'n rekord verbeter of ewenaar tydens die Nasionale byeenkoms asook vir atlete wat aan die byeenkoms deelneem (USSASA) .
